Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Brian Le Keur**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Brian.Lekeur@westerncape.gov.za | 021 467 2094

Lêerno.: 18/5/1
Verwysing: 20241024-7635

Omsendbrief: 0033/2024
Vervaldatum: 31 Oktober 2027

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Kort opsomming: *Kontrak vir die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes.*

**Onderwerp: Kontrak vir die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes (B/WCED 3124/23) vir die tydperk 01 November 2024 tot 31 Oktober 2027**

1. Let asseblief daarop dat hierdie omsendbrief slegs betrekking het op die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes.

2. Hierdie omsendbrief dien om u in kennis te stel dat die kontrak (B/WCED 2875/20) van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) vir die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes (soos uitgereik in Omsendbrief 0025/2021 van 20 Mei 2021, wat op 30 April 2024 verstryk het, en vanaf 01 Mei 2024 tot 31 Oktober 2024 verleng is, soos uitgereik in Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0008/2024 van 25 April 2024), deur 'n nuwe driejaarkontrak vervang is.

3. Die WKOD het dus 'n nuwe driejaarkontrak (B/WCED 3124/23) vir die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes gesluit vir die tydperk 01 November 2024 tot 31 Oktober 2027. Hierdie kontrak sal deur alle nie-artikel 21-skole, distrikskantore en die Hoofkantoor van die WKOD gebruik word. Artikel 21-skole mag van hierdie kontrak gebruik maak deur direk by die betrokke diensverskaffers te bestel.

3.1 **Diens 1** is aan **Bidtiq (Pty) Ltd** toegeken en moet deur die Hoofkantoor van die WKOD, distrikskantore en skole in die volgende metro's gebruik word: Metro-Sentraal, Metro-Oos, Metro-Noord en Metro-Suid.

3.2 **Diens 2 tot 5** is aan **LBC Multiserv (Pty) Ltd** toegeken en moet deur die distrikskantore en skole van die volgende distrikte gebruik word:
Diens 2: Kaapse Wynland
Diens 3: Overberg
Diens 4: Weskus
Diens 5: Eden en Sentrale Karoo

4. Let daarop dat bestellings vir skryfbehoeftes slegs vir die genoemde tydperk by die goedgekeurde verskaffers geplaas kan word.

| **Diens 1** | **Diens 2 tot 5** |
|---|---|
| Bidtiq (Pty) Ltd<br>Klawerstraat 14<br>Sybrand Park<br>ATHLONE<br>7700 | LBC Multiserv (Pty) Ltd<br>Doordriftweg 9<br>Barbarossa<br>CONSTANTIA<br>7806 |
| **Kontakbesonderhede** | |
| Tel.: 021 696 9361<br>Sel.: 072 997 5549<br>E-pos: ashton@rcsuppliers.co.za<br>Kontakpersoon: Roselie Ann Blankenaar | Tel.: 021 794 0411<br>Sel.: 082 475 7068<br>E-pos: clemi.cedras@gmail.com<br>Kontakpersoon: Clement Cedras |

5. Nie-artikel 21-skole en kantore van die departement moet die aangehegte katalogus ten opsigte van die toepaslike jaar gebruik om hul vereiste benodigdhede te bestel.

6. Let daarop dat skole ingevolge die kontrak slegs toegelaat word om items uit die aangehegte katalogusse, wat op hul distrik van toepassing is, te bestel.

7. Nie-artikel 21-skole moet daarop let dat die kontrak vir skryfbehoeftes nie die voorsiening en aflewering van inkhouertjies vir drukkers insluit nie. Hierdie items, asook items wat nie in die katalogus uiteengesit is nie, kopieerpapier ingesluit, moet op die WKOD 026-vorm versoek word. Hierdie versoeke moet by die Leer-en-Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) se bestelkantoor ingedien word. Hierdie items, benewens kopieerpapier, wat op 'n aparte kontrak beskikbaar is en bestel moet word, (verwys asseblief na Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0011/2019 van 18 Oktober 2019), sal dus op die ope mark geadverteer word. Die proses om hierdie items te verkry, sal via Voorsieningskanaalbestuur onderneem word.

8. Nie-artikel 21-skole moet hul aanvraag via die volgende e-posadres by die LOOM-kantoor indien:

   Vir aandag: Me. Louise John
   E-pos: LTSM@westerncape.gov.za
   Tel.: 021 467 2345 (navrae)

9. Dit is uiters belangrik dat skole noukeurig beplan om te bepaal hoe hulle hul norme-en-standaarde-befondsing gaan bestuur om te verseker dat leerders die vereiste skryfbehoeftes ontvang.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-11-15